

26 Januarie 2017

Omsendbrief 4/2017

Geagte Ouers



Baie dankie aan elkeen van u wat die afgelope week die oueraande bygewoon het. Dit was goed om so baie van u hier te sien.

Hierdie omsendbrief bevat baie belangrike inligting wat op die jaar van toepassing is en ek wil u vra om dit asseblief sorgvuldig deur te lees.

A. Personeel

Baie dankie aan die personeel vir al die harde werk wat alreeds ingesit is om die jaar glad te laat begin en sterkte met u groot taak wat voorlê.



Mev. E. Tobin (graad 1) is tans nog met siekverlof tot 9 Februarie na haar operasie en mev. M. Meyer neem nog waar in haar plek. Mev. L. Hefer is ook tans met siekverlof tot 1 Februarie na haar operasie. Baie dankie aan mev. B. Reynard wat tot onlangs in haar plek waargeneem het. Mev. A. Crowther neem tans waar in haar plek. Ons wens albei hierdie personeellede 'n spoedige herstel toe.

B. Studente

Vanjaar ontvang ons vir die 21ste agtereenvolgende jaar onderwysstudente vanaf Nederland vir praktiese opleiding. Ons gaan twee studente vir vier weke ontvang en daarna twee ander studente ook vir vier weke. Hul proeftydperk gaan strek vanaf einde April tot einde Junie.

Ons ontvang ook weer twee maatskaplike studente vir praktiese ondervinding vanaf Universiteit van Kaapstad. Hulle sal elke Maandag vanaf 13 Februarie by ons diens doen.

C. SKOOLTYE

Onderrigtye is as volg:	Gr. 0/R	07:45 – 12:15
	Gr. 1 & 2	08:00 – 13:00
	Gr. 3 (Maandae & Donderdae)	08:00 – 14:30
	Gr. 3 (Dinsdae & Woensdae)	08:00 – 13:20
	Gr. 4 – 7 (Maandae – Donderdae)	08:00 – 14:30
	Gr. 3 – 7 (Vrydae)	08:00 – 13:20



Maak asseblief seker dat u kind presies weet wat sy/haar huis toe gaan reël na afloop van skoolaangeleenthede is. Moenie toelaat dat u kind in die straat loop en speel nie. Deur op hierdie versoek te reageer, kan u uself moontlik baie selfverwyt en verdriet spaar.



Onderrigtye is vir ons as personeel en leerders van kardinale belang. U word gevolglik vriendelik versoek om u kind(ers) se mediese afspraak buite skoolure te reël. Indien afspraak onvermydelik gedurende skooltyd plaasvind, moet u my skriftelik of telefonies daarvan in kennis stel.

Indien 'n leerder afwesig was, is 'n brief van u as ouers met die rede vir die afwesigheid verpligtend.
Na drie dae of meer, moet 'n doktersertifikaat aan ons gestuur word.

Ek wil u versoek om nie soggens by u kind in die rye te wees sodra die klok om 08:00 gelui het nie. Die kinders is dan onder die beheer van die personeelid aan diens, wie verantwoordelik is vir dissipline. Gevolglik moet hulle die kinders se onverdeelde aandag hê.

D. SKOOLDRAG – KLEREWINKEL

U moet asseblief seker maak dat u kind(ers) die korrekte, volledige skooldrag dra, soos in die gedragskode, en dat alle kledingstukke duidelik gemerk is met u kind(ers) se naam en van. Die kinders moet daaglik netjies gekleed wees.

LET ASSEBLIEF DAAROP DAT SLEGS DIE AMPTELIKE SKOOLTRUI & WINDJAKKE MET DIE GEBORDUURDE WAPEN TOELAATBAAR IS. Hierdie items is slegs by die skool beskikbaar. U kan dus nie trui of windjakkies by die winkels koop nie.

Slegs SWART haarbykomstighede, sonder versierings is toelaatbaar.

Die volgende items is ook by die skool beskikbaar vanaf 07:30 tot 08:00 en 14:15 tot 14:45 (Maandae tot Donderdae) asook Vrydaemiddae vanaf 13:00 tot 13:30.

Hempwapens @ R17

Sportsakke met skoolwapen @ R192

Skooltasse @ R200

T-hemde met skoolwapen vir sport @ R92 tot R146

Swart windjakkies met skoolwapen @ R190 tot R245

Swart skooltrui met skoolwapen @ R184 tot R240

Swart moulose skooltrui met skoolwapen @ R152 tot R194

Sweetpakke @ R299 tot R363

Swempette @ R50

Sportbroekies vir dogters @ R85 tot R110

Dasse @ R40



E. VEILIGHEID

Die veiligheid van ons kinders is van kardinale belang. Om hierdie rede sal die skoolgebou asook die terrein bedags gesluit wees en kan u deur middel van die hekwag toegang tot die skoolterrein verkry.

Dit is van groot belang dat u kind(ers) na skoolure òf in die Nasorg (tel. 021 762 0977) is òf dadelik opgelaaai word òf van openbare vervoer gebruik maak. As u kind soggens afgelaaai word by die skool,

mag hy/sy onder geen omstandighede die skoolterrein verlaat nie, self nie om Engen toe te gaan nie.

Slegs Nasorgkinders word na skoolure aan die binnekant van die elektroniese hek toegelaat en is dan onder sorg. Kinders mag dus nie na ure op die terrein wees nie, want hulle is dan onder geen toesig nie en ook nie die skool se verantwoordelikheid nie. **Maak asb. seker dat u kind na skool of by die Nasorg inskakel of onmiddellik opgetel word.** Dankie vir u samewerking in dié verband.

F. **VERPLIGTE ONDERRIG- EN MUSIEKGELD**

Die verpligte onderriggeld vir 2017 is as volg:

1. R1 400,00 per leerder per maand vir 12 maande = R16 800,00 per jaar OF (R1 680,00 per leerder per maand vir 10 maande)
2. Musiekgeld is as volg:
 - a) Klavier - R330,00 per leerder per maand vir 12 maande
 - b) Blokfluit - R310,00 per leerder per maand vir 12 maande



Let asseblief op die volgende:

1. Aangesien onderriggeld vooruitbetaalbaar is, was die eerste paaieiment reeds op 1 Januarie 2017 betaalbaar. Vir diegene wat op die 15de salaris ontvang, is die onderriggeld direk daarna betaalbaar.
2. Indien u kwartaalliks of jaarliks wil betaal, sal ons dit verwelkom. Dié geld is egter ook vooruit betaalbaar. U sal EEN maand se skoolfonds, nl. R1 400.00, afslag kry indien die jaarlikse onderriggeld teen einde Februarie 2017 ten volle vereffen is.
3. Ons het 'n **debietorder fasiliteit** by die skool ingestel om betaling van skoolfonds vir u te vergemaklik. Ons moedig almal aan om van hierdie fasiliteit gebruik te maak. Indien enige van u belangstel, kan u die nodige vorms by die kantoor kom afhaal of u kan ons finansiële sekretaresse, mev. M. van Antwerpen, by die kantoor skakel.
4. Ons wil die risiko van kontantbetalings by die skool uitskakel en daarom wil ons u samewerking vra ten opsigte van die ondergenoemde betalingsmetodes.

U gaan teen die einde van elke maand 'n rekening ontvang en wil u versoek om een van die volgende betalingsmetodes toe te pas:

- Debietorder soos genoem in die vorige paragraaf
 - Elektroniese inbetaling (EFT)
 - Betaal direk by die bank aan ons
5. Indien u voel dat u dalk sou kwalifiseer vir vrystelling of gedeeltelike vrystelling van skoolgeld, moet u die aansoekvorms by die sekretaresse kom afhaal. Hierdie vrystelling of gedeeltelike vrystelling sal slegs op grond van volledig voltooide aansoekvorms en u nuutste salarisstrokie



oorweeg word. **Sluitingsdatum vir aansoeke is Vrydag 3 Februarie 2017.** Rig gerus enige navrae in dié verband aan my of aan die sekretaresses.

6. **Beleidsformulering t.o.v. musiekfooie**

Die Beheerliggaam het besluit dat leerders ongelukkig nie musiek sal kan neem indien hulle skool- en/of musiekgeld nie tot op datum betaal is nie. U moet ook onthou dat musiekfooie streng vooruitbetaalbaar is. Sodra die leerders se fooie met 1 maand agterstallig is, sal lesse dadelik gestaak word tot die verskuldigde bedrag vereffen is.

7. **Betalingsbeleid**

- Stuur rekening uit teen die laaste werksdag van die maand. Ouers het 30 dae om te betaal.
- Stuur tweede rekening uit saam met 'n aanmaningsbrief. Uitstaande skuld moet binne sewe dae betaal word.
- Nadat sewe dae verstryk het en daar nog geen positiewe reaksie was nie, laat dit die Beheerliggaam die opsie om ouers vir slegte skuld te oorhandig.

8. **Prosedure wat gevolg gaan word deur die Beheerliggaam (finansiële komitee) om agterstallige skuld in te samel**

- Na die aanmaningsbrief om uitstaande skuld binne sewe dae te betaal, en geen betaling is ontvang nie, bel die sekretaresse en finansiële sekretaresse die ouers om hulle in te lig dat daar 'n ooreenkomsbrief saam met die leerling huis toe gestuur gaan word.
- In hierdie brief gaan die ouer 'n ooreenkoms aan met die skool dat hy/sy die agterstallige skuld gaan betaal.
- Hierdie brief moet die volgende skooldag, nadat die oproep gemaak is, saam die kind teruggestuur word skool toe.
- Indien so 'n brief verlore raak, rus die onus op die ouer om die skool te kontak i.v.m. die brief.
- Indien daar geen reaksie op die brief is nie, sal die Beheerliggaam die ouers bel i.v.m. die agterstallige skuld.
- Indien geen ooreenkoms bereik/gemaak word nie, sal oorhandiging gedoen word.

**ONDERHANDELINGS RAKENDE SKOOLFONDS SAL SLEGS DEUR DIE
FINANSIËLE KOMITEE HANTEER WORD**



G. **KOMMUNIKASIE**

Voortdurende kommunikasie met u is van die allergrootste belang. Dit sluit enige vorm in, onder meer gesprekke, telefoonoproepe, briewe, e-posse en nog meer.

Ek en die personeel wil u opnuut uitnoui om enige sake rakende die skool of u kinders met ons te kom bespreek. **Moet asseblief nie kinders op die skoolgrond konfronteer nie.** Indien u my

of die onderwysers wil kom besoek, is u baie welkom. Maak asseblief 'n afspraak aangesien klastye nie vir afsprake aangewend gaan word nie, maar wel aperiodes of na ure.

H. TOUTREK

Gedurende die eerste kwartaal is daar elke Saterdag 'n liga toutrekbyeenkoms. Saterdag, 28 Januarie, se byeenkoms word by ons skool aangebied.

Daar is spanne van verskeie skole en klubs wat aan so 'n kompetisie deelneem. Die byeenkoms begin om 08:00 en heerlike eet- en drinkgoed gaan deur die loop van die dag verkoop word.

U is almal baie welkom om die geleentheid by te woon om sodoende ook ons skool en ons spanne te ondersteun.



Baie dankie dat ons weet dat ons alreeds vanaf die begin op u ondersteuning en samewerking kan staatmaak tot voordeel van ons kinders. Sterkte met al u verpligtinge vir vanjaar en mag u 'n wonderlike 2017 ervaar!

E.L. KÄSNER
SKOOLHOOF

